durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

3 Mei 2020

**3 Mei 2020**

**09:00** **Familiediens**
Regstreeks op YouTube
*Ds. Schalk van Wyk*

**Deuroffer: Hoop-en-Versoenings-trust**

**10 Mei 2020, Moedersdag**
**Preekreeks: #24/7 Kies Wysheid**

**09:00** **Familiediens**
Regstreeks op YouTube
*Dr. Kobus de Jager*

**Deuroffer: Hospitaalbearbeiding**

**BAIE, BAIE DANKIE vir aanlyn offergawes wat inbetaal word deur aanlyn opsies soos internet inbetalings, Zapper en Snapscan**

## WOORD VAN DIE WEEK: SELFOPOFFEREND

Wat gaan deur jou gedagtes? Deel met ons by:

**kommunikasie@bergsigdv.co.za / 0715299491**

**Verlede week se woord:**


**Oordeel**

Terugvoer:

**Anoniem skryf**

Ek “judge” mense oor hoe hulle lyk en het myself al baie in die lewe vasgeloop in my eie oordeel. Ek vang my dat ek dit aanhoudend bly doen en word baie keer verras met mense wat heeltemal anders is as wat hulle lyk. Ek is al ouer, maar kan nie ophou hiermee nie. Ek voel nie goed hieroor nie.

# Goddelike liefde is selfopofferend



**Teks: Lukas 4:1-13**

**Selfopofferend**

Wat beteken dit in ‘n wêreld waar die “eie ek” so subtiel oral geadverteer word?

Hoe sal mense jou ervaar as jy selfopofferend leef?

Miskien as ‘n “push over”, of as iemand wat nie ambisieus is nie? Dalk as iemand wat nie “out there” is nie?


Ons manier van kyk na selfopofferend verander as jy kyk na wat Jesus aan die kruis gedoen het.

Nederigheid, verplaas dan die woord “push over”.

Stil tevrede, verplaas die woord onambisieus.

Wees in die oomblik voor God, verplaas die woorde “out there” en so kan ons aangaan.

As jy vanuit die: “Jesus het oorwin perspektief kyk” - verander alles. Dit vat baie om selfopofferend te leef, maar dit maak sin.




Die tienerjare is groot vormingsjare en ons wil die afsonderingstydperk ook benut om met die tieners ’n geestelike konneksie te behou.

Skakel op Sondagaand, 3 Mei in via die kerk se YouTube kanaal om deel te wees van die Regneration diens om 18:00.

Die reeks: Hy hou die hele wêreld in Sy hand is baie gepas vir die tyd wat ons nou beleef.

Kyk saam en gesels met jou tieners hieroor en hoe hul die hand van die Here nou beleef.

## Vanuit die Uitreikkantoor ...

**AANDAG ALLE SOPKOKERS:**
Mes in Bellville is besig met logistieke skuiwe om die hawelose situasie beter te hanteer. In die proses sal ons die week ONGELUKKIG dus NIE kan sop aflewer nie. Ons het op die oomblik baie sopkokers en vra baie mooi dat julle dit sal vries tot volgende kommunikasie deurkom. Die wat nie vries spasie het nie, laat weet asb. vir Annemarie by uitreike@bergsigdv.co.za sodat ons kan probeer vries by die kerk. Ons vra ook geduld tydens die proses van verandering. Baie dankie vir julle begrip en hulp.

Nog 'n opsie - lewer sop direk aan **Durbanville CAN** wat kos aan haweloses op ons eie strate gee en nie by MES Bellville inskakel nie. Kontak: *Janessa Stockhall (084 368 3883) en Cara Hepher ( 076 651 9899).* Hulle sal die verskeie opsies van hoe jy kan help of 'n bydrae lewer verduidelik. Basies kan jy sop / ete kook en by hul kry. Hul bedien smiddae 16:00 aan haweloses. Hul kan ook bestanddele verskaf aan jou as jy wil help kook. As jy wil help bedien is dit ook 'n opsie.







In totaal is daar al 1740 kospakkies uitgedeel en dié week kry ons dit reg om 500 uit te deel in Morningstar, Fisantekraal, Klipheuwel en op van die plase (sien berig langsaan oor Attie en Spes Bona). Om te help kospakkies verpak bel Tialet by 063 409 4015




## Bergsigprojekte op ons voorstoep



Jaco en Chanel van Vuuren beleef gedurende Lockdown 'n buitengewone geseënde tyd.

Ons bedien daagliks saam met MES die haweloses by Bellville. Is dit uiters "gevaarlik", vir die wêreld, ja, vir ons nee. (Corona is die ding waarvoor jy die minste hoef te vrees daar).

Ons was net voor en tydens die eerste week van Lockdown in Heuningvlei. Daar hul die gemeenskap met Die Woord bedien en kon ons vele individue geestelik bystaan, bemoedig (siektes, vrae, dood in families) en toerus.

Gedurende die maand van lockdown kon ek die Woord verkondig by 8 geleenthede en gegewe dat die Woord sê die engele juig as 1 persoon hulle bekeer - kan ek bevestig - die engele juig.

Donderdag kon ons help om n wonderwerk te oes op 'n olyfplaas - waar die vorige 4 jaar se oes so 150kg opgelewer het (die jaar was die verwagte opbrengs dieselfde weens droogte) maar die oes het binne een maand, na die reën meer as 2 ton gelewer. (Hulle werkers is afwesig weens lockdown). Ons het gaan groente koop by hulle geregistreerde stalletjie en toe sommer gehelp oes.

Ons is baie dankbaar dat ons kon volunteer en beskikbaar kon wees om hierdie waardevolle geleenthede te kon gebruik en gebruik te kon word.
*Jaco van Vuuren*

**BAIE BAIE DANKIE VIR FINANSIËLE BYDRAES!!!**

Ook baie dankie vir al die wonderlike gesonde sop wat gekook is. Die mense by Mes se voedingspunte sê ons sop lyk eerder soos groente bredies as soos sop!! Hulle waardeer dit verskriklik.

Finansiele bydraes wat gemaak word vir die uitreik kantoor moet asb. gemerk word met die verwysing:

Kos
Spesifieke projek se naam
Maatskaplik
Sopkombuis

Dit help ons om die gelde makliker in te deel.

Durbanville se mense het oop harte en ons sê weer net dankie en nogmaals dankie.

Sien bankbesonderhede op die volgende bladsy.

# Vanuit die Uitreikkantoor ...



**Kospakkies aan Attie van Wyk kinders**:

Ons is tans besig om vir al die kinders van Attie van Wyk kospakkies met hulp van Sprouting minds en Ds Wynand van Moedergemeente op te maak – ons het beslis hulp nodig. Die pakkies beloop so R200 per gesin waarvan ons al 90 pakkies kon uitdeel vir die ouers en kinders op die omliggende plase van Attie van Wyk.

Ons het die lys ontvang van die Attie kinders in Fisantekraal – die skoolhoof sal my in kontak plaas met paar van die ouers wat adresse sal verskaf vir die aflewering van die pakkies. (Ons sal graag weer binne die volgende 2 weke, weer aan al die plaaswyke pakkies wil voorsien en benodig finansiele hulp daarmee)

Ons sal dit baie waardeer indien daar 'n skenking kan wees - sien bankbesonderhede van Durbanville Gemeente op bladsy 2 en die verwysing bly - Feeding.

**Spes Bona Nuwe geloofsgemeenskap:**

Om ons Sondagdienste en verhoudings met die mense van Spes Bona en Rondebossieberg (wat deel van die Spes Bona Kerk se plaasgemeenskap uitmaak), het ons 'n WhatsApp groep gestig waarop ons kort video en of stempos boodskappe versprei. Ons het die gemeenskap (een verteenwoordiger per gesin), met data (1Gb geldig vir 30 dae) voorsien sodat hulle die dienste per WhatsApp kan volg – die terugvoer is steeds baie positief en ons is opgewonde om die werking van die Heilige Gees te sien beweeg selfs onder die grendelomstandighede. Ons het egter 'n groot finansiële uitdaging om hierdie verskaffing van data te volhou tot die grendeltyd opgehef is. Ons het reeds meeste van ons eie gegenereerde fondse van Spes Bona gebruik vir die eerste voorsiening van data wat ± R150 per gesin x 14 gesinne beloop het.

God het die aankope van 25 April deur Wayne en Laura Klopper voorsien.

Ek sal dit baie waardeer indien daar voorsiening gemaak kan word vir 'n verdere termyn van data vir die gemeenskap op Spes Bona. Dit kab in Durbanville-Bergsig se rekening inbetaal word met verwysing - Spes Bona data.

Durbanville-Bergsig BANKBESONDERHEDE

**Bank:** ABSA Durbanville
**Tak kode:** 334810
**Tipe Rekening:** Tjek
**Rekening nommer:** 141 059 0154

Skakel Annamaré as jy betrokke wil raak: uitreike@bergsigdv.co.za

# GETUIENISSE

Hierdie is 'n paar getuienisse van betrokkenis by die berading en bevrydingsbediening. Ons het mekaar uitgedaag om te vertel van; wat elkeen wys geraak het, ervaar het en bewuswordings gedurende die "lockdown" periode oor hulleself en oor hul geestelike ervarings. Elkeen moes gaan dink het of daar 'n draaipunt was in hulle verhouding met God.

Ons deel graag 'n paar gedagtes en ervarings:

- Dit is die groot besef vir my die afgelope tyd, om God se opdrag uit te voer. Wees lief vir Hom en wees lief vir jou naaste.
- Tot my verbasing, is ek vreeslik besig. Meer huis en tuintake siende dat niemand mag kom werk nie, meer kos maak, meer skottelgoed. Ek probeer nog steeds help waar ek kan, MAAR die getuienisse en omgee en uitreike, hier en oral in wêreld maak my erg emosioneel. Ek is baie bewus van God se ontsettende liefde vir ons en dat as jy is waar God jou wil hê is jy op die beste plek.....
- My gebede het verander, ek het nog nooit vir leiers en politieke mense gebid nie. Ek bid meer vir mense in nood want ek is soveel meer bewus van wat ek het. Ek bid vir mense wat alleen bly. As hulle siek word ...wie is dan daar?
- Ek beleef 'n ongelooflike - gelooflike vreugde daarin om my gesin tuis by my te hê. Om my man heeldag hier te hê... Al werk hy, maar ek loer in by hom, maak tee, bring koekies....
- Ek is die afgelope tyd so bewus van ons nietigheid. Ek het die lewe so as vanselfsprekend aanvaar.
- Ek sien "mense" raak. Ek hoor pyn, vrees, woede, honger, en onrustigheid oor wat die toekoms inhou. Ek bid vir hul wat siek is, hulle wat in hospitale werk. En dan besef ek hoe nietig ons is.
- Ons as gesin praat oor diep goed, veral geloof. Ek hoor my dogter se hart daaroor, hoedat sy veroordeling ervaar het in haar lewe. Hoe privaat sy haar geloof sien, en ek hoor die wonderlike verhouding wat sy met God het. Haar groot ontsag vir Hom. Ek sien my seun se sagte hart ... Al word hy kwaad, maar hy kom terug met drukkies en "ek is jammer".
- Ek sien die tyd as genade tyd om dit wat ek nog altyd wou klaarmaak, maar nooit voor tyd gehad het nie nou klaar te maak.
- Ek het aan die einde van laasjaar groot gesprekke met Jesus gehad oor 2020. Ek het 'n opgewondenheid ervaar oor dat 2020 'n groot oesjaar gaan wees….. En daar gebeur Covid 19. Die heeltyd dink ek; "Here het ek dan verkeerd gehoor??" Ek begin twyfel in dit wat ek van God gehoor het. In hierdie tyd wys Jesus vir my hoedat Hyself kom oes. Hoe Hy mense laat bid, laat uitroep na Hom. Hoe mense wat nog nooit geglo het nie begin bid. Dit IS 'n oesjaar vir Hom. En ek is so dankbaar om dit te kan beleef.

***Vervolg op die volgende bladsy ...***




## Wat gemaak as wolf begin blaas?

*deur Stephan Joubert*

Onthou jy die storie van wolf en die drie varkies? Wel, dan onthou jy sekerlik ook wolf se beroemde woorde: "*Little pig, little pig, let me come in. No, no, by the hair on my chinny chin chin. Then I'll huff, and I'll puff, and I'll blow your house in."* Die eerste twee varkies weier om wolf in te laat, maar dan blaas hy hulle huise om. Die rede? Wel, dit is van strooi gebou. Maar die derde varkie se huis is van steen en wolf se asem is dié keer nie sterk genoeg nie.

Krisis op krisis blaas deesdae kliphard aan wie weet hoeveel mense se lewenshuise. Te midde van winde van werkloosheid, geweld, korrupsie en hooploosheid word party mense se lewens onderstebo geblaas. Ander se geluk, drome en veiligheid is ook daarmee heen. Nog ander verloor selfs hulle geloof. Hulle kan net nie meer in God glo as hulle alles verloor het nie. Die oplossing? Luister asseblief na 'n lewensbelangrike ware vertelling, dié van Jesus in Matteus 7:24-27 (DB):

*"Ek het julle nou baie dinge oor God geleer. As julle my woorde ter harte neem en dit doen, tree julle reg op. Dan is julle lewens op 'n stewige fondament gebou. Wanneer die reëns en storms oor julle losbreek, sal julle lewenshuis nooit inmekaarstort nie. Want julle lewens is gebou op die Rots wat nooit kan padgee nie. Aan die ander kant: as julle my woorde hoor en dit nie doen nie, is julle regtig dom. Dan is julle lewens op 'n hoop sand gebou. Wanneer die reëns en die storms oor julle losbreek, sal julle lewens uiteindelik inmekaarstort. Dan is die doderyk julle voorland."*

Jesus weet dat die lewe soms teen stormsterkte gebeur. Lewenstorms is sterk genoeg om mense se lewenshuise om te waai. Maar daar's hoop: Jesus sê elkeen wat hulle lewe op Homself en op sy woorde bou moet weet hulle lewenshuise staan op ewige Rots. Geen storm sal hulle ooit omwaai of vernietig nie. Hulle is geanker op die Rots wat nooit wankel nie. Jesus waarborg dit. Glo dit. Hou op om eienaarbouer van jou lewe te probeer speel deur met goedkoop strooi te bou. Sorg dat Jesus jou lewe is. Dan sal geen storm jou ooit wegwaai uit sy hand nie. Of jou lewe uitmekaar waai nie.

- Ek het besef hoe afhanklik ons gelowiges van mekaar is en hoekom God 'Kerk' so belangrik ag. Ek het reg rondom my gesien hoe ek afhanklik is van ander mense se geloof en bemoediging op my afdae en hoe ek weer vir ander kon bystaan op hulle moeilike dag. Ek sien hoe belangrik geloofsekerheid is in 'n gesin, vir my klein kindertjies en vir my man. Iets om aan vas te hou as al die ander dinge wankel. Ek is intens bewus van God se perfekte tydsbereking en wil.
- Die belangrikste wat God vir my in hierdie tyd kom wys het is om te wag op Hom, ook hoe 'n mens moet optree terwyl jy wag. Johannes 14:14-15 het vir my meer duidelikheid gekry: 14) As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen. 15) As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. Hoe vra mens iets in Jesus se naam? Mens kan dit net doen as jy weet wat vir Hom belangrik is, want Jesus kan jou niks gee wat nie binne Sy wil vir jou is nie. Dit is die enigste manier wat ek my liefde vir Hom kan uitleef, omdat ek dan Sy opdragte kan uitvoer.
- Deur Jesus in my hart saam te dra in alles wat ek doen, beteken nie dat ek heeltyd Bybel hoef te lees nie. Om Sy woord dag en nag te oordink beteken nie dat ek myself heeltyd moet afsonder nie. Vir my beken dit dat ek moet toelaat dat Hy my gedagtes beheer. Dat ek Hom sal toelaat om my volgende tree, woord, handeling en emosie te beheer. Dit kan ek net doen as ek Hom vertrou en as ek weet wie en wat ek in Hom is. Vertroue word gebore uit geloof en geloof is 'n gawe van die Gees waarvoor ek mag vra.
- Ek besef net opnuut dat ons voorsiening nie in werke is nie, maar in God. Ek het gisteraand Carte Blanche gekyk en net gesien hoe swaar mense kry, wat nie weet waar hulle volgende maaltyd vandaan gaan kom nie. Dan besef mens net dat elke gawe wat uit God se hand kom net 'n blessing is.
- Ek kyk terug oor amper 6 weke sedert ek laas in die kantoor was, en ek is verwonderd oor die jouney. Dankbaarheid is die grootste ding wat vir my uitstaan. Daar is so baie om oor dankbaar te wees: ons gesondheid, ons familie - om hierdie ervaring as gesin saam deur te maak. Tyd - wat ons as gesin kan saam spandeer. 'n goeie werk – dat ek 'n salaris ontvang en nie bekommerd hoef te wees oor kos en ander uitgawes nie. Die ervaring om dinge te leer wat net uit hierdie ervaring gekom het. Om tot stilstand te kom - back to basics - en te besef wat se gejaagde lewe ons het. Aanpasbaarheid - die besef hoe maklik en vinnig ons kan aanpas by 'n nuwe manier van lewe en werk - en hoe ons tegnologie gebruik om 'n nuwe normaal te skep. En dan natuurlik geloofsekerheid - te weet God is in beheer en ons hoef niks te vrees nie of oor niks bekommerd te wees nie. Ek dink iewers in die toekoms sal ons terug kyk na hierdie tyd en besef dat dit ons lewens en ons land op 'n nuwe trajek geplaas het.

**Mag die getuienisse jou inspireer en meelewing toon in 'n baie moeilike tog geseënde tydperk wat ons beleef.**

# Drie Maniere om jou Kinders te Help om by die Nuwe "Alledaagse" aan te Pas

As jy soos baie ouers is wat ons ken, is jou hande vol met voorbereiding van maaltye, skoolbeplanning en hantering van kinders se verveeldheid, terwyl jy ook bekommerd is oor jou werk en toekoms. Ons wil hê jy moet weet: ons is hier vir jou. (YouVersion)

Ongeag jou kinders se ouderdomme, is dit heel moontlik dat hulle baie vrae het oor wat aan die gebeur is. Amper oornag het al die daaglikse roetines waarop hulle vir standvastigheid staat gemaak het, verander. Een van die beste dinge wat ons nou vir hulle kan doen is om 'n nuwe "alledaagse" te vestig.

Hier is drie dinge wat jy op verskillende tye gedurende die dag kan probeer om jou kinders met die aanpassing te help:

**Vra jou kinders waaroor hulle dink. Luister dan.**

Al sê hulle moeilike of kommerwekkende dinge, probeer om nie geskok te lyk nie. Jou kinders het 'n plek nodig waar hulle veilig voel om in hulle eie woorde te sê wat op hulle harte is en hoe hulle voel.

**Wees die voorbeeld van dit wat jy in jou huis wil sien.**

Sorg geestelik goed vir jouself, sodat jy in staat sal wees om jou kinders die emosionele ondersteuning te kan gee wat hulle nodig het. Hier kan jy vrede en bemoediging vir jouself vind:

Vers-van-die-dag

Teken aan vir Vers-van-die-dag om daaglikse Bybelverse te ontvang om jou te inspireer, te bemoedig en uit te daag.

Leesplanne

Leesplanne gee vir jou daaglikse porsies Skrifgedeeltes met oordenkings en klank- of video-inhoud wat jou kan help om dit in jou daaglikse lewe toe te pas.

Gebed

YouVersion Gebed help jou om tred te hou waarvoor jy bid, en ook met gebede wat jou vriende vir jou stuur.

Die Bybel App vir Kinders (hierdie is vir kleiner kids)

Bybel App vir Kinders gee vir kinders 'n gratis, genotvolle Bybelervaring van hul eie.

**Bid op 'n gereelde basis saam met jou kinders.**

Gebed is 'n gesprek met God, waar jy Hom vertel wat jy dink en voel, dinge vra wat jy nodig het en Hom bedank (selfs vir klein oorwinnings). Jy kan enige tyd bid, maar om dit soggens saam te doen, tydens etenstye en voor slaaptyd, is 'n maklike manier om 'n daaglikse roetine te vestig. Hier is 'n goeie voorbeeld:

Liewe Jesus, dankie vir my gesin. Help ons om mekaar lief te hê, om vir mekaar te sorg en vriendelik te wees. Wys ons asseblief hoe ons vir ons bure en vriende lief kan wees. Dankie. Amen.

## KNIELTYD

Seblief Jesus,




**Shout out to the KIDS.**

Everyone is applauding everyone but our children. These little heroes have stayed indoors more than they've ever known in their lives. Their whole worlds have literally been turned upside down. All these rules they've never known. A life they couldn't have imagined. All the things they love like sports, being with friends, going to school, or just being kids have all been taken away from them. Adults talking about others becoming unwell, news reporting death after death. Our poor children's minds must be racing. Every day they get up and carry on despite all that's going on. So here's to our little heroes: today, tomorrow, forever.

**Bonus! Beplan haarfyn hoe elke dag gaan verloop.**

As jou kinders aan 'n weeklikse rooster gewoond was — kan die dae inmekaar vervaag as almal by die huis is. Om vir elke dag 'n ander tema te gee, kan help om 'n ritme te skep, 'n struktuur. Hier is 'n paar voorbeelde:

Boerewors Dinsdag

Deurmekaar Woensdag – Trek onpaar sokkies aan. Tik "resep" in die Google soekblokkie, met 'n lys van bestanddele wat jy het en span almal in om die gereg te maak.

Grappige Vrydag – Speel saam. Wees laf. Maak grappies. Kyk na 'n grappige rolprent of TV-vertoning. Maak Vrydagaand 'n speletjiesaand vir die gesin.

Spesiale Sondag – Aanbid God saam. Soek 'n aanlyn-kerkdiens. (Baie kerke stel nou ook kinderdienste aanlyn beskikbaar.) Kyk saam na 'n video in die Bybeltoep en gesels daaroor. (Artikel uit YouVersion)
















## Grappie van die dag




## Hou vas aan Hom wat vas staan

Ons word oorval met raad en advies oor wat ons te doen staan tydens Grendeltyd.
Alles maak nie altyd sin nie en die vraag is **"waaraan"** kan ons vashou en wat staan vas.

Ons almal moet belangrike besluite neem en so gou as moontlik uitvoering gee daaraan. Ek verkies om die **"waaraan"** in bogenoemde vraag te verander na **" Wie".**

Ek moes verlede jaar 'n baie belangrike besigheidsbesluit neem en was baie onseker.
Ek het gebid daaroor en my besluit geneem op Hom wat vasstaan.

**Spreuke 3 vers 6: "Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop".**

God het sy belofte na gekom en dit was die beste besigheidsbesluit wat ek nog geneem het.

'n Vraag wat ek nou vra is wat hou die toekoms vir my in, in hierdie onsekere tye.
Ek het gebid daaroor en my vertroue in die toekoms op Hom geplaas wat alles weet.

**Jesaja 33 vers 6: "Hy is die een op wie jy jou lewe lank kan vertrou".**

God het Sy beloftes in die verlede nagekom en daarom vertrou ek Hom vir die toekoms.

**Houvas aan Hom wat Vasstaan want "Hy" staan in die middel.**

**"Praat en deel dit wat vir jou werk sodat jy ander daarmee kan versterk".**


Vasstaan groete,
Peter Montgomery




## Kerk lyk anders in die afsonderingstydperk




'n Gewyde oomblik - Johan Swanepoel maak reg vir die diens




Die Benson kinders speel kerk-kerk in die agterplaas.




## Gesinslewe tydens die afsonderingstydperk lyk anders ...




Aanlyn gelukwensings is hoe ons kuier met mekaar




Peter Montgomery se verjaarwense




Die Tolkens bou 'n boomhuis platvorm

scan to donate now
zapper donate with VISA and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za •
www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527